automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

GROOT BELANGSTELLING IN AUTOMECHANIKA SA SE TOEKENNINGS VIR NUWIGHEDE

Automechanika Suid-Afrika se heel eerste Innoveringstoekennings vir nuwighede is reeds baie gewild en 24 inskrywings is al ontvang. Die byeenkoms – om nuwighede op die gebied van die voertuigbedryf aan te moedig – is 'n geïntegreerde deel van die "spyskaart" by al die Automechanika-voertuig-naverkopeskoue wat regoor die wêreld gehou word. Die plaaslike inwydingsbyeenkoms word van 18 tot 21 Maart by die Expo-sentrum in Johannesburg aangebied.

Die inskrywings in die Suid-Afrikaanse kompetisie verteenwoordig 'n wye verskeidenheid naverkope-fokusprodukte – enigiets van ruitveërs tot bande; skokbrekers tot bedradingstoetsapparaat; voertuig-alarms tot GPS-toerusting; palwissel-transmissies tot vakuumringe; parkeerhulpmiddels tot elektroniese onderdele-katalogusse; uitlaatgasontleders tot koplig-gloeilampe; oliefilter-breekmasjiene tot werkligte; asemtoetstoerusting tot lambda-sensors; banddruk-monitorstelsels tot gespesialiseerde masjinerie wat in die voertuigherstelbedryf gebruik word.

Van die maatskappye wat verteenwoordig sal wees, is Bosch, Goodyear, Monroe, Tenneco, Shatterprufe, Varibox en Bohler Uddeholm.

Inskrywings is ook van 'n aantal plaaslike ontwerpers en vervaardigers ontvang, sowel as van verspreiders en produkte wat uit China ingevoer word.

'n Span bestaande uit tien jurielede moet die inskrywings ontleed. Hulle is Richard Bean (wetenskaplike en nywerheidsnavorsingsraad – WNNR), Twala Boco (kleinhandelmotorbedryforganisasie – RMI); John Ellmore (RMI); Dr Paulo Fernandes (Automotive Investment Holdings – AIH); David Furlonger (Financial Mail); Norman Lamprecht (nasionale vereniging van voertuigvervaardigers van Suid-Afrika – NAAMSA); Lekgolo Lebepele (SA Buro van Standaarde – SABS); Hoffie Maree (WNNR); Jeff Osborne (RMI); en Roger Pitot (nasionale vereniging van komponent- en verwante vervaardigers – NAACAM).

Produkinligting wat deur die deelnemers ingedien is, sowel as foto's en telkaarte, is elektronies aan al die jurielede gestuur, en hul verslae is besig om in te stroom.

Van die lede van die jurie het laat weet dit is baie meer veeleisend en neem baie meer tyd in beslag om die finaliste te kies as wat hulle verwag het, maar almal is baie opgewonde deur die verskeidenheid en reeks produkte wat ingeskryf is. Al die telkaarte moet teen 3 Maart ingedien wees, waarna agt finaliste – gegrond op die saamgestelde puntetoekennings van die beoordelaars – aangekondig sal word.

Die jurie is daarop uit om produkte te onthul wat die belofte inhou dat dit beter as die verwagting sal werk, nuut is en doeltreffendheid bevorder.
Terselfdertyd moet die produkte goeie waarde vir geld verteenwoordig, van uitstaande gehalte wees en vars perspektiewe na die naverkope-segmente waar hulle meeding, bring.

Werking, praktiese gebruik, stilering, voordele vir gebruikers, omgewingsvriendelikheid en ander merkbare eienskappe is van die spesifieke kenmerke waarna die jurielede op soek is.

Sodra die agt finaliste bepaal is, sal dié deelnemers gevra word om twee werkende voorbeelde van elk van die produkte te verskaf om op die proef gestel te word – as deel van 'n tweede ronde beoordeling wat daarop gerig is om die uiteindelike wenner te bepaal. Die aankondiging oor die wenproduk sal by die amptelike openingsgeselligheid wat vir 18 Maart by die Expo-sentrum beplan word, onthul word. Al die produkte wat die kortlys as finaliste gehaal het, sal in twee afsonderlike gebiede ten toon gestel word.

- Die wedstryd word onder die vaandel van Automobil, die motorbedryftydskrif wat ook die spreekbuis van die RMI is, aangebied. Die redakteur van die tydskrif, Wynter Murdoch, doen skitterende werk om die kompetisie aanmekaar te slaan, waaronder die aanstelling van die jurielede en die sirkulering van die inskrywings aan die beoordelaars.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za